**4 Julie** **Skrifgedeelte: Genesis 21:1-7**
**Fokusgedeelte: Genesis 21:4**

**Die gelowige verheug hom in God se beloftes**

Sara, die vrou van Abraham, vader van die gelowiges, sou weer ’n keer lag. Hierdie keer was dit nie uit ongeloof nie, maar uit blydskap en verwondering. Die Here het sy belofte gestand gedoen. Nadat hulle 25 jaar lank in die geloof moes wag, ontvang sy haar eerste kind. Die geboorte van Isak het soveel meer geloof en insig gebring. Die Here se plan gaan voort, al lyk dit vir die mens onmoontlik. Waar daar geen hoop meer is nie gee Hy ’n nuwe lewe. Hierdie nuwe lewe laat die toekoms ook anders lyk. Dit is sinvol om die geloofspad van volharding te kies, al lyk dit soms onlogies vir die mens.

Abraham besny Isak op die agtste dag. Hierdie kind moet deel aan die beloftes en seëninge van die verbond met God. Watter voorreg is dit nie vir ’n ouer om sy kind met die teken van God se verbond te verseël nie! Dis die grootste gawe wat ’n verbondsouer kan gee.

Met Isak se geboorte het die Here gewys dat sy koninkryk onstuitbaar kom. Dat Isak op die tyd gebore is wat die Here self aangekondig het, wys verder op die heerskappy van God wat alles bestem tot sy heerlikheid. Abraham en Sara besef dat God in beheer is en dat sy beloftes waarlik gewig dra.

Ons het vandag ook rede om jubelend saam met Sara te lag. Deur die eeue het daar so baie van God se beloftes al waar geword. Die grootste hiervan was die geboorte van Jesus Christus. Hy het ook van óns verbondskinders gemaak!

*Sing: Psalm 105:6* *Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)*